# HOLISTIESE BANKDIENS OPLOSSINGS VIR MEDIESE PRAKTISYNS

Ons sorg vir u en u praktyk

Standard Bank *IT CAN BE*™



## ONS HOLISTIESE AANBIEDING

# ONS SORG VIR U EN U PRAKTYK

By Standard Bank verstaan ons die druk wat u daagliks ervaar, van pasiënte wat u spreek tot lewensbedreigende noodgevalle.

Dit is waarom ons ons aanbieding vir mediese praktisyns op grond van u persoonlike en praktyk-fases geskep het.

Dit is ons verantwoordelikheid om u te help met u finansies en finansiële welstand, sodat u op die gesondheid van u pasiënte kan fokus.

**Praktyk-rekening**
'n Besigheidstransaksie-rekening vir u praktyk

**Betalings-oplossings**
'n Wye verskeidenheid opsies vir kaartbetalings

**Versekering**
Persoonlike en praktyk-versekeringsoplossings

**Lenings-oplossings**
Persoonlike en praktyk befondsingsopsies

**Veranderinge by Mediese fondse**
Moeitelose verandering by mediese fondse via Netpractice

**VPO-punte**
Verdien die vereiste VPO-punte met ons gratis PSS-oplossings

**UCount-belonings**
Verdien persoonlike en praktyk-UCount-belonings

**Voertuig-en bate-oplossings**
Finansiering vir voertuie en gespesialiseerde toerusting

**Gerieflike maniere om bankdienste te gebruik**
Aanlyndienste en dienste via apps

**Welvaart-bestuur**
Produkte om u welvaart te beskerm en te vermeerder

**Signature-rekening**
Ervaar privaatbankdiens op sy beste





# BEGIN U PRAKTYK

Van begin-tot-einde-oplossings om u te help om u praktyk op die been te bring.

BEGIN U PRAKTYK



BEGIN TRANSAKSIES UITVOER

# BANKDIENS-OPLOSSINGS VIR U EN U PRAKTYK

'n Volledige reeks bankdiensoplossings om transaksies aan te gaan, wat aan die behoeftes van u praktyk sowel as u persoonlike behoeftes sal voldoen.

## BESIGHEIDSPRAKTYK-REKENING

- Ons **Besigheidstjekrekening** is eenvoudig, maklik om te bestuur, en stel u in staat om transaksies op die gerieflikste manier uit te voer.
- Ons spesialiste sal u nie net help om die regte oplossings vir u praktyk te kies nie, maar stel ook gesondheidsorgspesifieke kundigheid beskikbaar om u met u toekomstige groeiplanne te help.
- Kombineer die gerief van 24/7-bankdiens, d.w.s. waar en wanneer dit u pas, met 'n akkurate rekord van al u banktransaksies.

## PRIVATE SIGNATURE-BANKDIENS VIR U EN U GESIN

- As 'n Signature-kliënt met private bankdiens word 'n World Citizen Mastercard by u afgelewer met volledige toegang tot ons volledige privatebankdiens-oplossing en 'n toegewyde Signature-bankbeampte.
- Gratis lidmaatskap aan die Legacy Lifestyle Rewards-program.
- Toegewyde Signature-reishulpdiens.
- Geniet 24 gratis besoeke per jaar by meer as 900 lughawesitkamers in Suid-Afrika en in die buiteland, via ons LoungeKey-vennoot.
- As 'n Signature-kliënt met Private Banking kan u tot vyf ekstra gesinslede by ons **Signature-gesinsbankdiens** voeg.
- U en u gesin ontvang dieselfde voordele van ons Signature-bankdiensspan. Ons sal in al u en gesin se bankdiensbehoeftes voorsien, mits hulle almal Standard Bank-rekeninge het.

- **PLUS: U geniet afslag op u privaat Signature-rekening as u persoonlike en praktyk-rekeninge by ons is.**

BEGIN U PRAKTYK



BEGIN TRANSAKSIES UITVOER

# MANIERE OM BANKDIENSTE TE GEBRUIK

U wil gedurende spreekure graag fokus op u pasiënte en nie op u bankbehoeftes nie. Ons verskillende maniere om bankdienste te gebruik, verseker dat u oral en altyd beveiligde selfdiens-bankdienste kan geniet.

## INTERNETBANKDIENSTE

Skep u aanlynprofiel, ontsluit die volledige reeks selfdoen-bankdiensfunksies, en begin u geld vanaf enige toestel bestuur.

## BANKDIENS-APP

Bestuur u rekeninge en limiete, maak betalings en stuur veilig geld via u slimfoon of tablet. Besoek the App Store en laai die jongste weergawe van ons app af.

## SELFOONBANKDIENSTE

Geniet die gerief om altyd en oral bankdiens op u foon te gebruik, met gratis oorplasings tussen rekeninge, betalings en lugtydaankope.

## KITSBANKE

Betaal u rekeninge en verander u oortrokke fasiliteit sonder om 'n tak te besoek. Deponeer kontant na gewone bankure.

## BUSINESS ONLINE

Bestuur al u ondernemingsbankdienste op hierdie selfstandige, veilige platform. Van eenvoudige transaksies en oorplasings tot plaaslike en internasionale handelstransaksies en valutabetalings – u het volle beheer oor  u geldsake.



LENINGSOPLOSSINGS

# LENINGSOPLOSSINGS VIR U EN U PRAKTYK

Vinnige, gerieflike toegang tot finansiering wanneer u praktyk dit nodig het.

## OORTROKKE FASILITEITE VIR U BESIGHEID

- Die ideale manier om u kontantvloei te bestuur en voorsiening te maak vir onvoorsiene uitgawes.
- U betaal slegs rente op die gebruikte fasiliteit..

## WENTELKREDIET-FASILITEIT VIR U BESIGHEID

- 'n Kredietfasiliteit vir bedryfskapitaal of oorbruggingsfinansiering.
- Betaal slegs 'n minimum- maandelikse terugbetaling. U kredietlimiet word outomaties herstel sodra u 15% van die leningsbedrag terugbetaal het.
- U kan geld binne u goedgekeurde limiet onttrek sonder om weer aansoek te doen.

## BESIGHEIDSTERMYN-LENING

- Hierdie fasiliteit bied 'n leningsoplossing met 'n vaste maandelikse betaling vir 'n minimumtydperk van 3 jaar.
- Die lening is gekoppel aan die primakoers, wat beteken dat as die primarentekoers verander, die lening se tydperk dienooreenkomstig aangepas sal word.

## MEDIUMTERMYN-LENING

- Hierdie fasiliteit bied aan u 'n leningsoplossing met 'n vaste vervaldatum tussen 3 en 10 jaar wat vir u praktyk pasgemaak is.
- Die lening het 'n vaste termyn. Dit beteken dat as die primarentekoers verander, die leningterugbetalings dienooreenkomstig aangepas sal word om te verseker dat die lening op die vervaldatum ten volle vereffen word.



LENINGSOPLOSSINGS

# KOMMERSIËLE EIENDOM EN BATEFINANSIERING

Finansieringsoplossings om u praktyk asook u dienste aan pasiënte uit te brei.

## FINANSIERING VAN KOMMERSIËLE EIENDOM

- Dit het dalk tyd geword om u eie kommersiële eiendom te koop, of om u bestaande praktyk uit te brei met ekstra ruimte.
- Ons span kommersiële eiendomspesialiste staan gereed om met u saam te werk om, met die nodige leiding, die regte oplossing vir u spesifieke finansieringsbehoeftes te vind.

## BATEFINANSIERING

- Aanpasbarefinansieringsopsies vir mediese toerusting, om aan u praktyk se behoeftes te voldoen.
- Danksy ons strategiese vennootskappe met groot toerustingvervaardigers kan ons aan u as praktisyn voordelige pryse en laer deposito's op mediese toerusting bied.
- Ons batefinansieringsopsies sluit in:
  – Afbetalingsverkoopsooreenkomste
  – Huurooreenkomste.

BEGIN U PRAKTYK



LENINGSOPLOSSINGS

# OPLOSSINGS VIR PERSOONLIKE FINANSIERING

Vinnige, gerieflike toegang tot fondse wanneer u dit nodig het.

## PERSOONLIKE OORTROKKE FASILITEIT

- Soms kan u dit eenvoudig nie vermy om u begroting te oorskry nie, en dan is 'n persoonlike oortrokke fasiliteit nuttig. Geniet die buigsaamheid van u oortrokke fasiliteit met die opsie om u limiet via internetbankdiens te verander.

## WORLD CITIZEN-KREDIETKAART

- Verken die wêreld met u World Citizen-kredietkaart en kry toegang tot die Bidvest Lounge en LoungeKey vir plaaslike en internasionale reise. Boonop kwalifiseer u vir omvattende reisversekering as u u reiskaartjies met u World Citizen-kredietkaart koop.
- U mediese reisversekering dek mediese noodgevalle. Verlies of skade aan bagasie en vlugvertragings word gedek deur ongeriefsdekking.

## HUISLENING

- Ons vindingryke oplossings maak van ons Suid-Afrika se voorste verskaffer van huislenings.
- Wil u mettertyd minder betaal vir u huislening? Ons beloon ons kliënte met 'n verlaagde rentekoers namate u huislening afbetaal word. Rentekoerse op nuwe leningsooreenkomste word bepaal deur drie dalende vlakke wat afhang van die saldo op die uitstaande lening. Eenvoudig gestel, hoe meer u op u lening betaal, hoe laer word u rentekoers.

## VOERTUIG-FINANSIERING

- Ons het verskillende aanpasbare terugbetalingsopsies wat by u spesifieke kontantvloeibehoeftes as 'n mediese praktisyn sal pas:
  - Uitstel van tot 90 dae op u eerste betaling
  - Kies elke jaar 'n spesifieke maand om 'n betaling oor te slaan
  - Leningsterugbetalings kan kwartaalliks, tweejaarliks of jaarliks geskied.
  - Terugbetalingsplanne van tot 84 maande vir nuwe voertuie.

BEGIN U PRAKTYK



AANVAAR BETALINGS

# BETAALPUNTTOESTEL-BETALINGS

As 'n Standard Bank-mediese-praktisyn-klient ontvang u voorkeurtariewe op u betaalpunttoestelle.

## BETAALPUNT-OPLOSSINGS

- Ons AutoLink-betaaltoestelle is ideaal vir u praktyk, veral as u die praktyk met ander mediese praktisyns deel.
- Die toestelle is nie net kompak en maklik om te gebruik nie, maar stel u ook in staat om u transaksies te skei en te verpersoonlik, wat rekening versoening vergemaklik.
- Ons **alleenstaande lessenaarterminale** het ingeboude kommunikasie, wat u geld bespaar omdat u nie vir 'n aparte kommunikasielyn hoef te betaal nie.
- Ons **draagbare terminale** benodig nie elektrisiteit nie, en kan help om lang rye te vermy wanneer u wagkamer vol is.
- U toestel kan aan ons Merchant Aanlyn-selfdiensportaal gekoppel word om sodoende aan u elektroniese toegang te gee tot u state, toegevoegdewaarde-hulpmiddels, wenke en hulpbronne, wat u sal help om beter besluite vir u praktyk te neem.

## MOBIELE BETAALPUNT-OPLOSSING

- Ons **PocketBiz**- mobiele betaalpunt (mobile point-of-sale, mPOS) stel u in staat om u betalings enige plek, enige tyd te maak.
- Dit maak dit maklik om betalings van pasiënte te aanvaar terwyl u hulle op verskillende plekke spreek.
- Hierdie mPOS-oplossing is nie afhanklik van 'n slimtoestel nie en bevat verskeie verbindingsopsies, soos 3G, Wi-Fi en Bluetooth.



AANVAAR BETALINGS

# KONTANTLOSE BETALINGS

'n Verskeidenheid eenvoudige oplossings waarmee u kontantlose betalings van pasiënte kan aanvaar.

## MERCHANT ONLINE

- Standard Bank se gratis selfdiensplatform, **Merchant Aanlyn,** vergemaklik u lewe en besigheid deur vir u totale beheer oor u praktyk se transaksieadministrasie te gee met die gebruik vaneen,veilige aanlyntoepassing.
- Hierdie hulpmiddel is geskik vir alle praktyke en is 24/7 beskikbaar. U kan daarmee maklik u handelaarstate aflaai, betaalgroepe en transaksies bekyk, en pasgemaakte verslae op u eie tyd aflaai.

## AANLYNBETALINGSOPLOSSINGS

- Met ons aanlynbetalingsoplossings kan u 24/7 veilige kaartbetalings via u besigheid se webwerf, mobiele webwerf of app aanvaar.
- U kan alle geverifieerde krediet-, tjek- en debietkaarte aanvaar, asook **SnapScan™** en **Masterpass™**, om sodoende nooit 'n uitverkoping mis te loop nie, en dat u meer pasiënte kan bereik en u besigheid kan laat groei.

## SNAPSCAN MET GEÏNTEGREERDE REKENINGBETALINGS

- Met ons **SnapScan**-oplossing kan u digitale betalings van u pasiënte ontvang, sonder die gebruik van hul kaarte of kontant.
- Dit werk so: die pasiënt neem eenvoudig 'n foto van u unieke QR-kode met hul slimfoon.
- Vertoon u unieke QR-kode by ontvangs, of druk dit op die state uit wat u aan u pasiënte stuur.
- Al wat u pasiënt hoef te doen, is om 'n foto van die kode te neem. Die betaalbare bedrag sal dan outomaties op hul slimfoonskerm verskyn, wat die betalingsproses vir hulle vergemaklik en betalingsfoute vir u verminder.



VERSEKERING

# KORTTERMYN-VERSEKERING VIR U EN U PRAKTYK

Moenie dat ongelukke, rampe en wanpraktyk u welvaart skade aanrig nie.

## WANPRAKTYKVERSEKERING

- Standard Bank Insurance Brokers (SBIB) werk saam met toonaangewende verskaffers van mediese wanpraktykversekering om die beste terme vir u praktyk te lewer.
- Mediese wanpraktykversekering is ontwerp om mediese praktisyns teen regskostes te beskerm asook eise weens persoonlike beserings wat verband hou met beskuldigings van mediese nalatigheid.

## RESEPTERING-RISIKODEKKING

- As ’n mediese deskundige kan u ook soms medisyne resepteer. Brei u besigheidsaanspreeklikheidsversekering uit met reseptering-risiko dekking om u besigheid verder te beskerm.
- Reseptering-risiko-aanspreeklikheidsversekering bied dekking teen alle eise wat verband hou met name of etikette wat verkeerdelik op medisyne aangebring word, wat daartoe kan lei dat pasiënte se medisyne met ander verwar kan word of dat die verkeerde dosis op die etiket verskyn.

## KEY MAN ASSURANCE

- Ons Key Man Assurance-oplossing bied dekking vir die verlies van ’n sleutelposisie werknemer, bv. ’n mondhigiënis wat help met u praktyk se daaglikse take. Dit stel geld beskikbaar om ’n ander persoon te werf en stel u in staat te stel om ‘n mededingende voordeel binne u spesialiteitsveld te handhaaf.

## PERSOONLIKE VERSEKERING

- Huiseienaarsgeboue, huishoudelike inhoud, insluitend kunswerke, persoonlike alle risiko, persoonlike aanspreeklikheid, persoonlike motorvoertuie, insluitend sportmotors en regskoste.



SAGTEWARE OPLOSSINGS

# NETPRACTICE: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKDIENSTE

Moeitelose verandering van u mediesefonds-bankbesonderhede na Standard Bank via Netpractice – dit is gratis vir praktisyns met Standard Bank-rekeninge.

## PRAKTYKBESTUUR SAGTEWARE

- Netpractice bied ’n enkele sagteware-oplossing om gesondheidsorgpraktyke te bestuur en so administratiewe laste te verlig, sodat u tyd kan bespaar en op u pasiënte kan fokus.
- Netpractice is gratis vir mediese praktisyns wat uitsluitlik by ons rekeninge het.
- Kenmerke sluit in:
  - Mediese state en fakture
  - Praktykbestuur
  - Hantering van mediesefonds-navrae
  - Verandering van mediese fonds
  - Indiening van eise namens die praktyk
  - Faktuurnavrae van pasiënte
  - Professionele aanlynteenwoordigheid en stem
  - Rekeningkundige, belasting- en adviesdienste.

NETPRACTICE
Integrated Practice Services



# BESTUUR U PRAKTYK

Oplossings om die bestuur van u praktyk te optimaliseer

BESTUUR U PRAKTYK



WERKNEMERS BANKDIENSTE

# TOEGEVOEGDEWAARDE-OPLOSSINGS VIR WERKNEMERS

Finansiële voordele
vir u werknemers.

## TOEGEVOEGDE WAARDE

- ’n Verdere uitbreiding van ons voordele vir u is ’n waarde voorstel wat universele bankdienste aan u werknemers beskikbaar stel, wat op finansiële welstand fokus. Ons noem dit **werknemerwaarde-bankdiens (employer value banking, EVB).**
- Ons EVB-span werk met u saam om ’n unieke pakket van finansiële dienste en oplossings op te stel. Dit wys wat u praktyk aan werknemers kan bied as deel van u algemene pakket van personeelbyvoordele.
- Daar is geen koste vir u werknemers om deel te neem nie – slegs belonings, vir beide u praktyk en u werknemers.

BESTUUR U PRAKTYK



VALUTA

# VALUTA-OPLOSSINGS

Ideale oplossings vir al u valutabehoeftes.

- Ons bankoplossing bevat 'n verskeidenheid valutadienste wat beskikbaar is vir al u persoonlike of praktyk valutabehoeftes.
- Ons tariewe is mededingend, en daar is 'n verskeidenheid dienste om van te kies.
- Ons kan u ook help om valuta te verkry tydens die transaksie, of vir 'n transaksie in die toekoms, deur gebruik te maak van een van die valuta oplossings hier onder:
  - Valuta-kontanttransaksie
  - Valutatermynkontrakte
  - Valuta-opsies.

BESTUUR U PRAKTYK



VPO-PUNTPLATFORM

# VPO-PUNTPLATFORM VIA PSS

Ons werk saam met Pioneering Solutions Studio (PSS) om toegang te bied tot Medical Practice Consulting (MPC) se VPO-dienste as toegevoegde waarde vir Standard Bank se mediese praktisyns, via die MPC-platform.

## WAT U KRY

Wanneer u die platform gebruik, kry u gratis toegang tot opleiding. En as u hierdie wonderlike aanbod* aanvaar, sal MPC se VPO-diensteburo vir u die volgende dienste kan bied:


- Ons sal u help om u profiel op MPC te registreer en om u MPC CPD Manager op te stel (indien bystand benodig word).
- Ons sal u  VPO-sertifikate op die MPC se CPD Manager laai.
- Ons sal u in kennis stel van wat nodig is om te voldoen aan u volgende oudit.
- Ons sal u VPO-sertifikate namens u by diensverskaffers afhaal vir gebeurtenisse wat u bygewoon het.
- Ons sal u VPO-individuele-aktiwiteit-rekord (individual activity record, IAR) namens u by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) indien wanneer u verwittig word van ’n nakomingsoudit.

## MEER INLIGTING

- Skandeer die QR-kode en besoek die MPC se VPO-diensburowebwerf vir meer inligting.

** Bepalings en voorwaardes geld.*

BESTUUR U PRAKTYK



REWARDS

# UCOUNT-BELONINGS VIR BESIGHEID

Verdien 3 600 beloningspunte as u 'n UCount Rewards-lid is vir u eie en u praktyk se bankdiens.

## VERDIEN BELONINGSPUNTE

Wanneer u u Standard Bank-besigheidskrediet-, -tjek- of -debietkaart gebruik vir kwalifiserende aankope, verdien u:

- **Kaartbelonings:** Tot 1,25%* op alle kaartaankope.
- **Brandstofbelonings:** Tot R5* per liter brandstof en olie by Caltex.
- **Reisbelonings (binnelands):** Tot 40%* op alle binnelandse vlugte wat via die UCount Rewards Travel Mall bespreek word, ongeag by watter lugredery.
- **Reisbelonings (motorhuur):** Onmiddellike 10%* afslag op motorhuur van Europcar wat via die UCount Rewards Travel Mall bespreek word.
- **Kleinhandelaarbelonings:** Tot 2,5%* by beloningskleinhandelaars.

## GEBRUIK BELONINGSPUNTE

Om punte te gebruik, is net so maklik as om dit te verdien:

- Koop brandstof en olie by **Caltex**.
- Vir wonderlike aanbiedings aanlyn en in die winkel by ons **beloningskleinhandelaars.**
- Vir **plaaslike reisaanbiedings** by die UCount Rewards Travel Mall.
- Deur u beloningspunte in 'n **opseggingsdeposito-rekening te belê.**
- Vir toegang tot **Bidvest-premiumsitkamers** by Suid-Afrikaanse lughawens.
- Skenk aan liefdadigheid, koop koopbewyse, lugtyd en data by die **UCount Rewards Online Redemption Mall.**
- Borg 'n student op **FEENIXTM**, ons skarebefondsingsplatform.

** Bepalings en voorwaardes geld.*



# LAAT U PRAKTYK GROEI

Oplossings om u te help om u praktyk te vergroot en u welvaart te laat groei

LAAT U PRAKTYK GROEI



WELVAART

# WELVAARTSKEPPING

Verander dit waaraan u bou in langtermyn-welvaartskepping.

## LIKIDITEITSBESTUUR-OPLOSSINGS

- Ons likiditeitsbestuur-oplossings is ontwerp om u praktyk se ongebruikte fondse in bruikbare kontant te help omskep.
- Ons kan 'n oplossing vir u opstel om u praktyk se likiditeit doeltreffend te bestuur, terwyl u optimale winsgewendheid behaal.
- Ons help u om ongebruikte of oortollige geld te benut in gevalle waar saldo's saamgevoeg kan word om 'n algehele groepskredietposisie vir u genomineerde rekeninge te bied.
- Die rente word dan bereken op die groep se kredietbalans en by u genomineerde rekening inbetaal.
- Dit stel u in staat om u kontantsaldo's te bestuur en u korttermyn-beleggingsdoelwitte te bereik.

## BELEGGINGSOPLOSSINGS

- Ons Business Flexi Advantage-rekening bied 'n vaste deposito met die buigsaamheid dat u toegang tot 'n deel van u geld kan kry sonder om benadeel te word as u 'n noodgeval in u praktyk het, of as u 'n geleentheid wil benut om u praktyk uit te brei.
- Ons dagdeposito-, MoneyMarket-dagdeposito- en MarketLink-rekeninge is ideaal as u direkte toegang tot u fondse verlang terwyl u mededingende opbrengste verdien.
- Ons kennisgewing- en vastedeposito-rekeninge bied uitstekende rentekoerse en opbrengste indien u vir langer gespesifiseerde tydperke belê.

LAAT U PRAKTYK GROEI



WELVAART

# FINANSIËLE BEPLANNING

Ons finansiële beplanners sal moeite doen om u, u gesin en u praktyk se behoeftes te leer ken om 'n finansiële plan op te stel wat aan u doelwitte voldoen.

**As u op enige van die vrae hier onder "ja" moet antwoord, loop u dalk 'n risiko:**

- Het u mediese praktyk 'n oortrokke rekening?
- Het enigiemand in u mediese praktyk 'n persoonlike waarborg onderteken om geld vir u praktyk te reël?
- Het u mediese praktyk 'n verband op eiendom?
- Hang die sukses van u mediese praktyk af van die vaardighede, ervaring en opleiding van sleutelpersoneel?
- Het u ander vennote in u mediese praktyk?
- Moet u steeds seker maak dat u en u lede gemaklik kan aftree?

LAAT U PRAKTYK GROEI



WELVAART

# NALATENSKAP-BEPLANNING

Ons is hier om u te help om u sake in orde te kry, u nalatenskap op te bou en te verseker dat daar vir u geliefdes voorsiening gemaak is.

## OPSTEL EN VEILIGE BEWARING VAN TESTAMENTE

- Ons sal verseker dat u testament veilig bewaar word, dat u nalatenskap beskerm word en dat u wense doeltreffend uitgevoer word.

## BOEDELBEPLANNING

- 'n Omvattende plan om u finansiële sekuriteit te verbeter en struktuur te bied vir die doeltreffende bestuur van u boedel.

## BOEDELADMINISTRASIE

- Ons professionele span beskik oor die kennis en empatie wat nodig is om u boedel met sorg te bestuur – en so te verseker dat al u wense en instruksies uitgevoer word.

## TRUST OPRIGTING EN -ADMINISTRASIE

- Ons verseker dat u bates namens u begunstigdes bewaar, beskerm, geadministreer en versorg word.

# STEL U BELANG OM MEER TE WEET?

Skandeer die QR-kode
om na die video te kyk



Vir meer inligting, besoek:
**www.standardbank.co.za/healthsector**

Of stuur 'n epos na:
**healthcare@standardbank.co.za**

# Ons sorg vir u en u praktyk

Authorised Financial Services (FSP 11287) and registered credit provider (NCRCP15).
The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06). GMS-19629 11/21
It Can Be is a trademark of The Standard Bank of South Africa Limited.

Standard Bank IT CAN BE™